H. VELDKAMP, *De boer uit Tekoa. Over het boek Amos.* T. Wever, Franeker. Tweede druk, s.j.

Dit gebeur betreklik selde, dat 'n tweede druk verskyn van 'n bundel stigtelike oordenkinge. In hierdie geval is dit ten volle verdien. Die predikant by die Gereformeerde Kerken in Nederland, Ds. VELDKAMP, besit die gawe van goeie popularisasie en aktuele prediking.

Dit is nie 'n wetenskaplike boek nie, maar dit berus wel op 'n deeglike studie van wat deur wetenskaplike werkers, in die besonder die nog steeds betreurde taalgeleerde VAN GELDEREN, oor die boek van Amos geskryf is. Die belangstellende gemeentelid sowel as die predikant kan veel nut uit hierdie boek trek. Dis 'n voorbeeld van gesonde Bybeluitleg en lewendige prediking.

Vir die Hervormde leser is dit opmerklik, met watter eerlikheid, deur opregte liefde gedrewe, die skrywer ook die eie Kerkgemeenskap opwek tot selfinkeer en verootmoediging. Hier is geen sprake van die selfversekerdheid wat mens partymaal so kan hinder in publikasies wat van Gereformeerde kant die lig sien nie.

Terwyl die styl en taal van die skrywer baie lofwaardig is, tref ons dit dat hy ook hier en daar toegee aan die neiging om elke sin op 'n nuwe reël te begin. Dis 'n spesifiek Gereformeerde eienaardigheid wat, as ons nie dwaal nie, teruggaan op die journalistieke arbeid van KUYPER. In sy werk van langer asem het hierdie bewonderde voorbeeld die metode egter nie soveel toegepas nie. Dit kan gemaklik daartoe meewerk dat die styl abrup en apodikties word. En dit maak dat die leser die bladsy snel oorsien — maar ook baie oppervlakkig daar oorheen kan lees.

Verder niks as lof vir hierdie boeiende boek nie.

A. VAN SELMS.

---